basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## FEBRUARIE/MAART 2015

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

*HISTA1*

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

   VRAAG 3: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: BURGERREGTEBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

   VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: SWARTMAGBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord kan in die ADDENDUM gekry word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. In die beantwoording van die vrae moet kandidate hul kennis, vaardighede en insig gebruik.

6. Die blote oorskryf van bronne as antwoorde sal kandidate benadeel.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

8. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, uit hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM.

### VRAAG 1: HOE HET DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE SOWJETUNIE PROBEER OM TUSSEN 1946 EN 1951 INVLOEDSFERE IN EUROPA TE VESTIG?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Definieer die konsep *Ystergordyn* in die konteks van die Koue Oorlog in Europa. (1 x 2) (2)

1.1.2 Noem enige VIER stede wat in die Sowjet-invloedsfeer geleë was. (4 x 1) (4)

1.1.3 Haal bewyse uit die bron aan wat te kenne gee dat Griekeland nie onder die Sowjet-invloedsfeer was nie. (1 x 2) (2)

1.1.4 Verduidelik wat Churchill met sy bewering 'daar is geen ware demokrasie nie' met betrekking tot die situasie in Oos-Europa geïmpliseer het. (2 x 2) (4)

1.2 Raadpleeg Bron 1B.

1.2.1 Noem die TWEE instellings wat Dean Acheson gehelp het om te ontwikkel gedurende Truman se Koue Oorlog. (2 x 1) (2)

1.2.2 Die Amerikaanse Kongres was aanvanklik onwillig om hulp te verleen aan die Turkse en die Griekse regerings. Gee 'n rede vir die Amerikaanse Kongres se standpunt. (1 x 2) (2)

1.2.3 Verduidelik hoe Acheson dit reggekry het om die Amerikaanse Kongres te oortuig om beide Turkye en Griekeland met hulp te ondersteun. (2 x 2) (4)

1.3 Lees Bron 1C.

1.3.1 Noem die TWEE Oos-Europese lande wat groot belangstelling getoon het om by die Europese Herstelprogram aan te sluit. (2 x 1) (2)

1.3.2 Verduidelik waarom Stalin gedink het dat die Europese Herstelprogram 'n uitdaging vir sy invloedsfeer was. (2 x 2) (4)

1.3.3 Lewer kommentaar oor waarom die Kominform gestig is. (2 x 2) (4)


EASTERN CAPE

1.4 Raadpleeg Bron 1B en 1C. Verduidelik op watter maniere die bewyse in Bron 1C die vrese bevestig waarna Acheson in Bron 1B verwys het. (2 x 2) (4)

1.5 Gebruik Bron 1D.

1.5.1 Hoe word die volgende leiers in die spotprent uitgebeeld:

(a) Truman (1 x 2)

(b) Stalin (1 x 2) (4)

1.5.2 Verduidelik of die spotprenttekenaar se uitbeelding van gebeure as partydig beskou kan word. Gebruik die visuele leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie probeer het om tussen 1946 en 1951 invloedsfere in Europa te vestig. (8)

**[50]**

## VRAAG 2: WATTER FAKTORE TUSSEN 1975 EN 1976 HET TOT DIE UITBREEK VAN DIE BURGEROORLOG IN ANGOLA BYGEDRA?

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Lees Bron 2A.

2.1.1 Identifiseer die leiers van die DRIE nasionalistiese bewegings in Angola in 1975. (3 x 1) (3)

2.1.2 Watter bewyse in die bron gee te kenne dat die bedoeling van die Alvor-ooreenkoms was om demokrasie in Angola in te stel? (2 x 1) (2)

2.1.3 Die Angolese nasionalistiese leiers het gemeen dat dit belangrik was 'om hulle militêre posisies op te skort'. Gee 'n rede vir hulle standpunt. (1 x 2) (2)

2.1.4 Verduidelik waarom die FNLA 'n militêre voordeel bo die ander nasionalistiese groepe gehad het. (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

2.2.1 Noem die Afrikaland wat die FNLA ondersteun het. (1 x 1) (1)

2.2.2 Waarom het die CIA (VSA) besluit om die FNLA in die Angolese burgeroorlog te ondersteun? (1 x 2) (2)

2.2.3 Noem die TWEE lande wat Savimbi ondersteun het. (2 x 1) (2)

2.2.4 Gebruik bewyse in die bron en jou eie kennis en verduidelik die ideologiese verskille tussen UNITA en die MPLA. (2 x 2) (4)

2.3 Gebruik Bron 2C.

2.3.1 Watter bewyse in die bron gee te kenne dat die FNLA vir oorlog gereed was? (1 x 2) (2)

2.3.2 Gebruik die bewyse in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom die FNLA voor 11 November 1975 beheer oor Luanda wou oorneem. (2 x 2) (4)

2.4 Verwys na Bron 2D.

2.4.1 Verduidelik die geskiedkundige term *guerrillaoorlogvoering* in die konteks van die Angolese burgeroorlog. (1 x 2) (2)

2.4.2 Waarom, dink jy, het Savimbi in 1976 dit nodig gevind om na guerrillaoorlogvoering in Angola oor te slaan? (2 x 2) (4)

2.4.3 Volgens die inligting in die bron, wat het Savimbi van Kaunda versoek? (1 x 2) (2)

2.4.4 Beskryf Savimbi se leierseienskappe in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.4.5 Verduidelik waarom jy, as 'n geskiedkundige, die inligting in die bron as partydig sal beskou. (2 x 2) (4)

2.5 Verduidelik hoe die inligting in beide Bron 2B en 2C mekaar ondersteun met betrekking tot die besetting van Luanda in 1975 deur die MPLA en die FNLA. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in Bron 2A en 2D en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik watter EEN van die bronne jy as die bruikbaarste sou beskou om na te vors oor die faktore wat tussen 1975 en 1976 tot die uitbreek van die burgeroorlog in Angola bygedra het. (8)

**[50]**

**VRAAG 3: WAS DIE INTEGRASIE VAN CENTRAL HIGH SCHOOL IN LITTLE ROCK IN 1957 'N OORWINNING VIR DIE BURGERREGTE-BEWEGING?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Lees Bron 3A.

3.1.1 Waarom het 'n skare buite Central High School in Little Rock bymekaargekom? (1 x 2) (2)

3.1.2 Hoe het die volgende probeer om die joernaliste te keer om oor gebeure in Little Rock verslag te doen:

(a) Die skare (1 x 1) (1)

(b) Die polisieman van Little Rock (1 x 1) (1)

3.1.3 Verduidelik wat jy onder die term *segregasie* verstaan in die konteks van die gebeure wat in 1957 in Little Rock plaasgevind het. (1 x 2) (2)

3.1.4 Waarom, dink jy, het Alex Wilson besluit om nie van die 'skare' weg te hardloop nie? Ondersteun jou antwoord met relevante bewyse. (2 x 2) (4)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Verduidelik hoe die skare op Alex Wilson reageer het. Gebruik die visuele leidrade in die foto om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

3.2.2 Waarom, dink jy, het die skare op hierdie manier op Alex Wilson gereageer? (1 x 2) (2)

3.3 Verwys na Bron 3C.

3.3.1 Identifiseer die hoofstrategie wat Martin Luther King Jr. wou hê die burgerregte-aktiviste in Little Rock, Arkansas, moes volg. (1 x 1) (1)

3.3.2 Noem die DRIE metodes wat die skare gebruik het om burgerregte-aktiviste te intimideer. (3 x 1) (3)

3.3.3 Wat het Martin Luther King Jr. bedoel toe hy van 'geestelike krag' gepraat het? (1 x 2) (2)

3.3.4 Verduidelik waarom Martin Luther King Jr. 'optimisties' was oor die integrasie van skole in die Verenigde State van Amerika. (2 x 2) (4)

3.4 Bestudeer Bron 3A, 3B en 3C en verduidelik die rol wat die media in 1957 in die blootstelling van segregasie by Central High School gespeel het. (2 x 2) (4)

3.5 Raadpleeg Bron 3D.

3.5.1 Identifiseer VIER maniere waarop swart Amerikaanse studente by Central High School beledig is. (4 x 1) (4)

3.5.2 Verduidelik waarom Ernest Green vasbeslote was om by Central High School te gradueer. (2 x 2) (4)

3.5.3 Lewer kommentaar oor waarom jy dink Ernest Green se weergawe in die bron bruikbaar sal wees vir 'n geskiedkundige wat navorsing doen oor die integrasie van studente by Central High School. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik tot watter mate die integrasieproses in 1957 by Central High School in Little Rock 'n oorwinning vir die Burgerregtebeweging was. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, uit hierdie afdeling.

Jou opstel behoort ongeveer DRIE bladsye lank te wees.

### VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

Die onttrekking van soldate uit Viëtnam het die nederlaag van die Verenigde State van Amerika se beleid van insluiting aangekondig.

Stem jy met hierdie bewering saam? Motiveer jou antwoord deur relevante bewyse uit die tydperk 1965 tot 1975 te gebruik. **[50]**

### VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIES – DIE KONGO EN TANZANIË

Verduidelik tot watter mate die ekonomiese beleid van die Kongo en Tanzanië suksesvol was vanaf onafhanklikheid tot en met die 1980's. **[50]**

### VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: SWARTMAGBEWEGING

Evalueer die rol wat Malcolm X en Stokely Carmichael in die bekendmaking van die Swartmagbeweging in die 1960's gespeel het. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou